Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

30.08.2024
06 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

31 Aug	Landloop Mpumalanga Kampioenskappe te Lydenburg.
2 Sept	Krieket: Rhino-oefening te WH de Klerk.
6 Sept	Tegniese toetse.
6 Sept	Skoolverlatersfondsinsameling: Verkope & gewone klere.
7 Sept	Sokker: Noordvaal Semifinaal – NW.
9 Sept	Tegniese toetse.
10 Sept	Tegniese toetse.
10 Sept.	Krieket: Rhino-oefening te WH de Klerk.
11 Sept	Akademiese toetse: Wiskunde.
12 Sept	Akademiese toetse: Afrikaans.
13 Sept	Akademiese toetse: Natuurwetenskap.
14 Sept	Sokker: Noordvaal Finaal – tuis.
16 Sept	Akademiese toetse: Engels.
17 Sept	Akademiese toetse: Persoonlike en Sosiale Welstand.
17 Sept	Krieket: Rhino-oefening te WH de Klerk.
20 Sept	Skool sluit (Rekeninge gaan uit)
27 Sept	Landloop: SA's tot 29/09 in Noordkaap.
30 Sept	Koshuis open: 14h00.
1 Okt	Skool open.

1.2 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.3 SIEKNOTAS

Indien u kind siek is en nie skool bywoon nie, moet u asb 'n sieknota op dieselfde dag deurstuur na die skool per e-pos by info@jimvantonder.co.za. Neem asb kennis dat indien daar assesserings, toetse of eksamens geskryf word op die betrokke dag, en die skool nie 'n sieknota ontvang nie, 'n 0-punt toegeken sal word.

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.4 SOMERSKLEREDRAG

Skooldrag vir die Somer			
Dogters		***Seuns***	
	Grys 6-baan skoolromp. Wit oopslaan hemp. **(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)** Kort wit sokkies. Swart skoolskoene. **Swart en geel** moulose skooltrui. Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal. Slegs **6-baan skoolrompe** is toelaatbaar. Lengte van romp: soomlyn **gekniel 10cm van vloer**.		Grys kortbroek / Langbroek. Wit oopslaan hemp. **(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)** Swart / grys skoolkouse. Swart skoolskoene. **Swart en geel** moulose skooltrui. Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal. Koste vir items wat by die skool aangekoop kan word: Das R 100.00 Moulose trui R 160.00 Skooltrui R 170.00

1.5 SOKKER

Die volgende leerders is opgeneem in die Mpumalanga provisiale sokkerspan. Baie geluk.

Dogters	*Seuns*
Angel Khoza	Mongezi Qometa
Owethu Mbatha	Lefah Napjane
Latoya Witbooi	Sabelo Mabena
Monique Rafferty	Thato Chwene
Amahle Nkosi	Junior Maseko
Angela Fertuin	Treasure Sibanyoni
Tshwarelo Mathonsi	Siphesihle Skosana
	Nkosinathi Malomane

2. KOSHUIS

2.1 HANTERING VAN PROBLEME

Mnr. Sibanda hanteer nou die daaglikse dissiplinêre probleme. Indien daar ernstige sake is, sal dit met Mnr Bornman bespreek word sodat hy dit kan hanteer.

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word.

2.2 ROOK

Indien u as ouers die leerlinge toelaat om by die huis te rook, vererger dit die huidige probleem. DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.3 SIEK LEERLINGE

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.4 MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.5 KOSHUISGELDE

Koshuisgelde is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7de van elke maand betaal wees. Leerders wie se koshuisrekening agterstallig is, sal nie in die koshuis toegelaat word voordat die rekening op datum betaal is nie. Neem asb kennis dat alle rekeninge tot einde Augustus 2024 op datum betaal moet wees om toegang tot die koshuis te kry op 01 September 2024.

2.6 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987 017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF